kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

# Toetrede

## Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

# Woorddiens

## Tema: "Ontmoetings met God?"

## Skriflesing: Jesaja 6:1-8 (1953)

1 IN die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op
'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul
het.
2 Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad:
met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy
voete bedek, en met twee het hy gevlieg.
3 En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig,
heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van
sy heerlikheid vol!
4 En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die
roepers, en die huis het vol rook geword.
5 Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man
onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe
is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare,
gesien!
6 Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n
gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar
af geneem het,
7 en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou
lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen.
8 Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek
stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek,
stuur my.

## Broodjies vir die pad

### TOUCHED BY AN ANGEL

*Maya Angelou*

We, unaccustomed to courage
exiles from delight
live coiled in shells of loneliness
until love leaves its high holy temple
and comes into our sight
to liberate us into life.

Love arrives
and in its train come ecstasies
old memories of pleasure
ancient histories of pain.
Yet if we are bold,
love strikes away the chains of fear
from our souls.

We are weaned from our timidity
In the flush of love's light
we dare be brave
And suddenly we see
that love costs all we are
and will ever be.
Yet it is only love
which sets us free.

**Marguerite Ann Johnson** (beter bekend as **Maya Angelou**; 4 April 1928 – 28 Mei 2014) was 'n Amerikaanse skrywer en digter. Sy het groot lof vir haar eerste boek, haar outobiografie "*I Know Why the Caged Bird Sings*" ontvang, en was een van die eerste swart Amerikaanse vroue om 'n topverkoper te skryf. In 1993 is sy gekies om as digter by pres. Bill Clinton se inhuldiging op te tree. Sy het 'n oorspronklike komposisie genaamd "*On the Pulse of Morning*" vir die geleentheid geskryf.

Haar boek, "*Just give me a cool drink of water 'fore I die*" is vir die Pulitzerprys genomineer en haar oudioboek, "*A song flung up to heaven*" het in 2003 'n Grammy-prys losgestaan. Oor haar lewe het sy dosyne toekennings en meer as dertig ere doktorsgrade ontvang. Sy word ook vir 'n hele paar toneelstukke, films en TV-programme gekrediteer.

Sy is op 4 April 1928 in St. Louis gebore. In 1981 is sy as hoogleraar in Amerikanistiek in Winston-Salem aangestel. Op 28 Mei 2014 is sy op 86-jarige ouderdom in Winston-Salem, Noord-Carolina oorlede.

http://af.wikipedia.org/wiki/Maya_Angelou

## Brood vir die pad

### Salf of sout? Om verwonding te verwerk of voort te sit

*Deur Wilhelm Verwoerd, by die verwydering van die H.F.Verwoerd plaket by die Universiteit van Stellenbosch, 27 Mei 2015*

Amper 35 jaar gelede het ek as student gereeld verby hierdie gebou gestap. Ek het dikwels opgekyk na die naam "H.F.Verwoerd" wat in groot hoofletters 'n ereplek beklee het bokant die hoofingang. In die vroeë 80erjare was hierdie openbare verering niks vreemd nie. Skole, regeringsgeboue, strate, 'n lughawe, 'n groot opgaardam en selfs 'n stad is ook na hom venoem.

Al het hoë verwagtinge soms swaar geweeg, was ek as kind, skolier en student op Stellenbosch trots om met hierdie prominente politieke figuur geassosieer te wees. Dr. H.F. Verwoerd was immers nie net 'n voormalige Eerste Minister nie. Hy was ook 'n geliefde Oupa Hendrik. Dikwels, by die aanhoor van my van, het wildvreemde Afrikaner "Ooms" en "Tannies" – met tasbare respek en bewondering – herinneringe aan 'n "groot volksleier" en "bevryder van Engelse oorheersing" begin deel. Dié herinneringe het meestal op 'n hartseer noot geïndig, met detail oor 'n donker dag van skok en rou na die sluipmoord op 6 September 1966.

As student in Nederland en Engeland vanaf 1986 is ek onverwags blootgestel aan “afsonderlike ontwikkeling” soos beleef buite die verleidelike gemaksone van wit, Afrikaner, middelklas Stellenbosch. Vir die eerste keer is ek werklik en herhaaldelik gekonfronteer met hartverskeurende lewensverhale van mede-Suid-Afrikaners, mede-Christene uit veral die swart gemeenskap. “Dr. Verwoerd”, “Oupa Hendrik” was haas onherkenbaar in hul ervaring van “Verwoerd” - die “man van graniet”, “the one person remembered as the author of our calamity” (Luthuli). Weer eens het my van spontane reaksies ontlok, maar dié keer is ek begroet met verhale van woede en pyn; dié keer was daardie noodlottige September dag nie ‘n dag van rou nie, maar ‘n skokkende dag van blydskap en bevryding.

Talle verwarrende jare van intense soeke na begrip vir die menslike storie agter dié “dag van blydskap” – sonder om die “dag van rou” te ontken - het gevolg. Gelydelik het ek tot die oortuiging gekom dat die gapende kloof tussen bedoelings en gevolge, tussen meeste Afrikaners se historiese selfbegrip en die apartheids ervarings van die meerderheid Suid- Afrikaners, tussen “Oupa Hendrik” en “THE Architect of Apartheid” waarskynlik nie oorbrugbaar is nie. Met rukke en stote het ek besef – as ek myself steeds ‘n Christen wou noem - dat ek *prioriteit* moet gee aan die ervarings van diegene wat hom beskou as DIE verpersoonliking van ‘n vernederende, ontmenslikende politieke sisteem. Gekwel deur vrees vir volks- en vadersverraad het ek uiteindelik in die vroeg 90erjare aanvaar dat my geloof ‘n “groot trek” vereis: ‘n hartsreis deur die bande van geborgenheid, in die Voetspore van oorgrens medelye; ‘n handepad, ‘n pad van mede-verantwoordelikheid vir die pyn van Apartheid en ‘n lewensverbintenis tot ware versoening.

As filsofie dosent op Stellenbosch in die 90erjare was ek daarom ‘n voorstaander dat name wat geassosieer word met die pyn van Apartheid – insluitende H.F. Verwoerd – nie meer in openbare, gedeelde ruimtes vereer moet word nie. Ek was oortuig dat hierdie tipe verering belediging by verwonding voeg. Al het hierdie standpunt tot ‘n hartseer dekade van gebrokenheid binne my familie bygedra.

Nou is dit 2015 en op ‘n simboliese wyse word die laaste oorblyfsel van openbare verering van Dr. H.F. Verwoerd uiteindelik verwyder. Tydens my voorbereiding was ek is verbaas oor die intense emosies wat my deelname aan hierdie geleentheid by my opgeroep het, al was ek verseker dat die slaggat van vergeldende vernedering vermy sou word.

Ek het ongeveer twee jaar gelede teruggekeer na Suid-Afrika na meer as ‘n dekade se versoeningswerk in ander vertroebelde dele van die wêreld, veral Noord-Ierland. Geslyp deur hierdie ervaring as ‘n fasiliteerder van *inklusiewe* dialoog tussen oud-stryders en slagoffers van regoor die politieke spektrum, sukkel ek weer eens met wat versoening werklik vir my beteken, in Suid-Afrika, as ‘n 51 jarige, wit, heteroseksuele man, met ‘n middelklas, Afrikaner agtergrond…en die van Verwoerd.

Al is dit amper ‘n halfeeu na daardie September dag van aparte rou *en* blydskap, worstel ek opnuut met die vraag: hoe maak ek *verenigende* ruimte vir “Verwoerd” (as simbool van Apartheid) *en* Oupa Hendrik binne my groeiende verbintenis tot radikale, vermenslikende inklusiwiteit?

Waar pas my 85 jarige ouers en hul Afrikaner vriende in? Soos my jare aanstap het ek al meer waardering vir familie; verdiep my empatie vir húl onverwerkte pyn uit die tye van die 3 “Boereoorlog” en die “Bosoorlog”; verminder my jeugdige geneigdheid tot moreel arrogante veroordeling; groei my begrip vir hul geslag se stryd om sin te maak van Suid-Afrika vandag (insluitend my deelname aan hierdie seremonie).

Wat van my kinders en hul post-1994 generasie genote? Hoe vertaal ‘n mens verstaanbare verset teen betaling vir die sondes van die vaders in kreatiewe, gedeelde ver-antwoord-elikheid?

En my tydsgenote in veral wit, Afrikaanse kringe – hoe skei ek die koring van politieke ontnugtering en moegheid vir misbruik van historiese pyn van die kaf van ontkenning van historiese *en* voortdurende bevoorregting?

Die grootste vraag vir my bly egter steeds: hoe hoor ek, regtig, die hartklop van pyn agter die gebalde vuiste en borrelende woede van hoofsaaklik swart landsgenote; hoe kan ek ‘n positiewe rol speel ten opsigte van veral die diepgewortelde, ongeneesde emosionele-, morele- en sielsverwonding uit die verlede?

Ek besef dat ek nie hierdie tipe vraag op my eentjie kan of behoort te antwoord nie. Ek verstaan al meer dat opregte, nederige, geduldige verhoudingsreise die enigste pad vorentoe is. Ek erken die versoeking om my kwesbaarheid te verskans in plaas daarvan om my “kruis op te neem” - deur my oor en oor te begewe in die broosheid en ongemak en ongeborgenheid…en “opstanding” van oorkruis-medelye.

Wat ek daarom vandag wil doen is om weer eens, in die openbaar, as ‘n Verwoerd, die keuse vir salf in plaas van sout te neem. Diep luister het my ingewande, my gut, ‘n blik gegee op die verwonding wat diegene aan die ontvangkant van Apartheid assosieer met Verwoerd; op hul smagting na menslike erkenning van hierdie pyn deur diegene wat mede-verantwoordelik is .

Die ironie is dat dit juis swart Suid-Afrikaners is wat ten spyte van hierdie pyn verweef met Verwoerd my aangemoedig het om nooit vir Oupa Hendrik te verwerp nie – “in our culture we respect our ancestors”. Ek onthou ook ‘n gesprek met Walter Sisulu waarin hy gewaarsku het teen ‘n geneigdheid om die rol van individue oor te beklemtoon, om van iemand soos Verwoerd ‘n sondebok te maak vir *sistematiese* ongeregtigheid. Terselftertyd het mense soos Pumla en Themba en Naledi my ook help verstaan dat om vir H.F.Verwoerd *as politieke leier* te *vereer* is om sout in hul wonde te vryf. En dit is hierdie sout van gebrekkige of afwesige erkentnis (acknowledgement) wat nie verslaan nie, wat nie beperk is tot ‘n plek of tyd of geslag nie. Dit is hierdie sout wat bydrae tot die voortsetting van verwonding uit die verlede, selfs verby die Bybelse “derde en vierdie geslag”.

Ek hoop daarom opreg dat hierdie seremoniële beïndiging van die verering van pynlike Apartheids simbole aan die Universiteit van Stellenbosch ‘n broodnodige boodskap van menslike erkentnis sal oordra, dat die verwydering van die Verwoerd plaket sodoende ‘n klein, maar beduidende salwende rol sal vervul binne die breëre Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Hoe lank sal hierdie keuse vir die salf van nederige, vermenslikende, oorgrens erkentnis in plaas van die sout van stilte, onverskilligheid of eksklusiewe, etniese herinnering relevant bly vir iemand soos ek? Weer eens is dit nie vir my om alleen te besluit nie, maar “sewentig keer sewe” dink ek is ‘n goeie riglyn. Dit is ten diepste hoekom ek die uitnodiging om deel te neem aan hierdie seremonie aanvaar het, al vind dit eers in Mei 2015 plaas. Natuurlik besef ek ook dat wat werklik saak maak is die *kwaliteit* en nie die *kwantiteit* van erkentnis nie - nagemaakte salf is ‘n ekstra seer soort sout. Vir ‘n simboliese keuse om as salf ervaar te word, vereis die gepaardgaande, sigbare, voortdurende verwerking van verwondenheid.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877